Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek

Byeengebring deur

teachme2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

NOVEMBER 2019

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye en 'n 17 bladsy-antwoordeboek.

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.

4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

8. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 40 punte; 20 minute	
Onderwerp:	**Dit integreer:**
Vervaardiging	**Bestuursrekeningkunde** Produksiekostestaat Gelykbreekanalise **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer

VRAAG 2: 30 punte; 20 minute	
Onderwerp:	**Dit integreer:**
Versoening	**Finansiële rekeningkunde** Bankversoening **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer

VRAAG 3: 45 punte; 25 minute	
Onderwerp:	**Dit integreer:**
Voorraadwaardasie	**Bestuur van hulpbronne** Waardasiemetodes Interne beheer

VRAAG 4: 70 punte; 45 minute	
Onderwerp:	**Dit integreer:**
Balansstaat en Ouditverslag	**Finansiële rekeningkunde** Begrippe Balansstaat en notas Vaste bates **Bestuur van hulpbronne** Ouditering

VRAAG 5: 75 punte; 45 minute	
Onderwerp:	**Dit integreer:**
Kontantvloeistaat en Vertolking	**Bestuur van hulpbronne** Begrippe Kontantvloeistaat Vertolking

VRAAG 6: 40 punte; 25 minute	
Onderwerp:	**Dit integreer:**
Begroting	**Bestuursrekeningkunde** Kontantbegroting Geprojekteerde Inkomstestaat **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 1: VERVAARDIGING (40 punte; 20 minute)

Sihle Sangweni besit twee afsonderlike fabrieke wat produkte vervaardig volgens bestellings ontvang. Daar is geen goedere-in-bewerkingvoorraad nie. Die jaareinde is 28 Februarie.

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Lone van fabriekskoonmakers is 'n direkte arbeidskoste.

1.1.2 Afleweringskoste van klaarprodukte aan kleinhandelaars is 'n verkoop- en verspreidingskoste.

1.1.3 Waardevermindering op kantoortoerusting is 'n administrasiekoste.

(3 x 1) (3)

1.2 **LESSENAARFABRIEK**

GEVRA:

1.2.1 Stel die Fabrieksbokoste-nota op. (8)

1.2.2 Bereken die totale koste van produksie van klaarprodukte. (5)

1.2.3 Sihle wil 'n bykomende 1 500 lessenaars vervaardig, terwyl die verkoopprys en koste gehandhaaf word.

Bereken die bykomende wins wat hy kan verwag. (4)

1.3 **STOELFABRIEK**

GEVRA:

1.3.1 Verskaf 'n berekening om die gelykbreekpunt vir 2019 te bevestig. (4)

1.3.2 Lewer kommentaar op die gelykbreekpunt en die produksievlak bereik. Haal syfers aan. (4)

1.3.3 Grondstowwe bestaan slegs uit hout. Die koste in 2019 is R120 per vierkante meter (m^2) en 1,2 m^2 hout is nodig om een stoel te maak.

Gedurende die jaar is 22 000 m^2 hout na die fabriek versend. Sihle voel dat die houtgrondstof nie goed beheer is nie.

- Verskaf 'n berekening om sy mening te staaf. (4)
- Identifiseer TWEE moontlike oorsake van hierdie probleem. Verskaf 'n oplossing vir ELK. (4)

1.3.4 Gee TWEE redes vir die toename in direkte arbeidskoste. Verskaf 'n oplossing vir ELK. Neem kennis dat lone en salarisse met 5% in die huidige finansiële jaar verhoog het. (4)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

INLIGTING:

A. LESSENAARFABRIEK

Uittreksel uit vooraansuiweringsbedrae op 28 Februarie 2019

	R
Indirekte arbeid	296 500
Waardevermindering van fabrieksaanleg	166 000
Advertensies	24 500
Water en elektrisiteit	248 000
Huuruitgawe	345 600
Versekering aan verkoopsafdeling toegeken	12 600
Fabriek diverse uitgawes	107 700

Aansuiwerings op fabrieksbokoste vir lessenaars:

- Water en elektrisiteit vir Februarie 2019, R18 000, moet in berekening gebring word. 80% word aan die fabriek toegeken. Die balans is 'n administrasiekoste.
- Huur moet volgens vloeroppervlakte toegeken word:
  Fabriek: 810 m^2 Kantoor: 180 m^2 Verkoopsafdeling: 90 m^2
- 75% van versekering moet aan die fabriek toegeken word. Die balans is op die verkoopsafdeling van toepassing.

B. INLIGTING VIR BEIDE FABRIEKE

KOSTE		LESSENAARS 2019		STOELE (Eenheidskoste)	
		Bedrag	Per eenheid	2019	2018
Verander-like	Direkte materiaal	R3 060 000	R340	R165	R124
	Direkte arbeid	?	R160	R90	R70
	Verkoop en verspreiding	R720 000	R80	R50	R60
	Totale veranderlike koste		R580	R305	R250
Vaste	Fabrieksbokoste			R76	R75
	Administrasie	R360 000	R40	R20	R18

VERKOOPPRYSE			
Per eenheid	R750	R390	R370

EENHEDE			
Vervaardig en verkoop	9 000	16 000	15 000
Gelykbreekpunt	8 471	18 071	12 400

40

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 2: VERSOENING **(30 punte, 20 minute)**

Die inligting het betrekking op Klonex Handelaars.

GEVRA:

2.1 Die eienaar, Ben Joseph, besef dat baie mense nou elektroniese fondsoordragte (EFO's) in plaas van tjeks gebruik.

2.1.1 Noem DRIE voordele van EFO's. (3)

2.1.2 Janet, die boekhouer, het die taak gekry om alle EFO's te verwerk en te beheer.

Verduidelik TWEE redes waarom die interne ouditeur hieroor bekommerd is. (4)

2.2 Toon veranderinge in die Kontantjoernale vir Junie 2019. (11)

2.3 Bereken die korrekte Bankrekeningsaldo op 30 Junie 2019. (4)

2.4 Stel die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2019 op. (8)

INLIGTING:

A. Uittreksel: Bankversoeningstaat op 31 Mei 2019

Uitstaande deposito		R9 500
Uitstaande tjeks		
Nr.	**Datum**	
321	10 Desember 2018	R1 500
427	14 Mei 2019	R1 400
444	27 Mei 2019	R4 670
516	28 Mei 2019	R7 950
Gunstige Bankrekeningsaldo		**R9 200**

LET WEL:

- Die uitstaande deposito het op die Junie-bankstaat verskyn.
- Tjek 321 is vir die eienaar se klubgelde uitgereik. Dit is nooit gedeponeer nie.
- Tjek 427 het nie op die Junie-bankstaat verskyn nie. Dit is verloor en 'n nuwe tjek sal in Julie uitgereik word.
- Tjek 444 het nie op die Junie-bankstaat verskyn nie.
- Tjek 516 het op die Junie-bankstaat met die korrekte bedrag van R5 250 verskyn.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

B. Voorlopige totale in die Kontantjoernale op 30 Junie 2019 voordat die Bankstaat ontvang is:

Kontantontvangstejoernaal: R27 470
Kontantbetalingsjoernaal: R32 400

C. Inskrywings in die Kontantjoernale wat NIE op die Junie-bankstaat verskyn NIE:

- Deposito, R9 675
- EFO 14 (30 Junie 2019), R3 800
- Tjek 522 (12 Augustus 2019), R4 580

D. Inskrywings op die Junie 2019-bankstaat NIE in die Kontantjoernale NIE:

DATUM	BESONDERHEDE	R
15	Debietorder: Micro Versekeraars*	1 125
	Debietorder: Micro Versekeraars*	1 125
16	Onbetaalde tjek (debiteur, B Marais)	1 200
25	M Malan (EFO deur huurder)	2 800
30	Rente-inkomste	130
30	Diensgelde	175

*****Versekering het foutiewelik twee keer verskyn. Dit sal volgende maand reggestel word.

E. Bankstaatsaldo op 30 Junie 2019: ...?

30

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 3: VOORRAADWAARDASIE (45 punte; 25 minute)

George Grande is die meerderheidsaandeelhouer en HUB van Grande Bpk. Die maatskappy verskaf kabinette en lampe aan hotelle.

Die periodieke stelsel word gebruik. Die jaareinde is 30 September 2019.

GEVRA:

KABINETTE

3.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad vir kabinette op 30 September 2019 deur die eerste-in-eerste-uit-metode te gebruik. (6)

3.2 Die maatskappy het in 2019 besluit om die teikenmark uit te brei en om handelskortings toe te staan om verkope te verhoog.

3.2.1 Bereken die % winsopslag wat in 2019 behaal is. (4)

3.2.2 Verskaf TWEE punte (met syfers) om te bewys dat hierdie besluit die doelwitte behaal het. (4)

3.2.3 Die HUB voel dat hierdie besluit ook die maatskappy negatief beïnvloed het.

- Verskaf TWEE punte (met syfers) wat sy opinie staaf. (4)
- Gee die direkteure raad om hierdie probleem op te los. Verduidelik TWEE punte. (2)

LAMPE

3.3 Bereken die voorraadhoudingsperiode vir lampe (gebruik eindvoorraad). (3)

3.4 George is bekommerd oor die beheer van die lampe. 'n Ondersoek het getoon dat die stoorbestuurder lampe sonder dokumentasie aan plaaslike koshuise verskaf het.

- Bereken die getal lampe wat vermis word. (5)
- Gee TWEE voorstelle om hierdie probleem op te los. (4)

TELEVISIESTELLE

3.5 Terwyl George gedurende April 2019 in die hospitaal was, het Bruce Swann (die hoof- finansiële beampte) besluit om televisiestelle by hulle produkreeks in te sluit. Hy kon grootmaatkortings op twee TV-stelmodelle, naamlik LYN en KYA, by Roseway kry.

Bereken die waarde van die eindvoorraad van TV-stelle op 30 September 2019 deur die spesifieke identifikasiemetode te gebruik. (7)

3.6 'n Werknemer van Roseway het George ingelig dat Bruce 'n 10%-'kommissie' by Roseway ontvang het vir die koop van oortollige voorraad. George wil dit op die volgende raadsvergadering bespreek.

Verduidelik DRIE verskillende kwellings wat George oor hierdie probleem sal hê. (6)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

INLIGTING:

A. Voorraadrekords van kabinette en lampe:

	KABINETTE			LAMPE	
	EENHEDE	EENHEIDS-PRYS	TOTAAL	EENHEDE	TOTAAL
Voorraadsaldo's					
1 Okt. 2018	370	R800	R296 000	600	R108 000
30 Sep. 2019	280		**?**	265	R59 625
Aankope: 2019					
Januarie	800	R920	R736 000	1 200	R240 000
April	1 200	R990	R1 188 000	1 800	R432 000
Julie	250	R1 100	R275 000	800	R210 000
Totaal	**2 250**		**R2 199 000**	**3 800**	**R882 000**
Terugsendings	**20**	R1 100			
Verkope				**3 675**	
Koste van verkope					**R930 375**

B. Inligting met betrekking tot kabinette:

	2019	2018
Verkope	R3 480 000	R3 375 000
Koste van verkope	R2 170 500	R1 950 000
Eenhede verkoop	2 320	2 500
Verkoopprys per eenheid	R1 500	R1 400
% winsopslag behaal	**?**	73%
Klante op rekord	37	26

C. Voorraadrekords van televisiestelle:

	MODELLE	EENHEDE	EENHEIDS-PRYS	TOTAAL
Aankope				
Mei 2019	LYN	800	R6 000	R4 800 000
	KYA	950	R7 200	R6 840 000
Julie 2019	LYN	500	R6 000	R3 000 000
	KYA	500	R7 200	R3 600 000
TOTAAL		**2 750**		**R18 240 000**
Verkope	LYN	430	R8 400	R3 612 000
	KYA	540	R10 080	R5 443 200

45

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 4: BALANSTAAT EN OUDITVERSLAG (70 punte; 45 minute)

4.1 Kies 'n verduideliking in KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–E) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
4.1.1 Interne ouditeur	A deur aandeelhouers aangestel om 'n maatskappy te bestuur
4.1.2 Memorandum van inkorporasie (MVI)	B die liggaam verantwoordelik vir registrasie van alle maatskappye
4.1.3 Beperkte aanspreeklikheid	C deur 'n maatskappy in diens geneem om goeie interne kontroleprosedures te verseker
4.1.4 Direkteur	D dui aan dat 'n maatskappy 'n regspersoonlikheid van sy eie het
4.1.5 Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (KMIE/'CIPC')	E die dokument wat die reëls en prosedures van 'n maatskappy daarstel

(5 x 1) (5)

4.2 **VISIV BPK.**

Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2019 geëindig.

GEVRA:

4.2.1 Bereken:

- Bedrae vir **(i)** en **(ii)** in die Vastebateregister (5)
- Wins/Verlies op verkoop van bate (2)
- Vaste bates drawaarde op 28 Februarie 2019 (4)

4.2.2 Bereken die korrekte netto wins **na belasting** vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019. Dui (+) vir toename en (–) vir afname aan. (9)

4.2.3 Verwys na Inligting A–H. Stel die volgende op 28 Februarie 2019 op.

- Behoue-inkomste-nota (9)
- Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) (27)

LET WEL: Toon bewerkings. Sekere syfers word in die ANTWOORDEBOEK verskaf.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

INLIGTING:

A. Vaste bates:

'n Afleweringsvoertuig is op 31 Oktober 2018 verkoop, maar geen inskrywings is gemaak om hierdie transaksie te boekstaaf nie.

Besonderhede van voertuig wat verkoop is:

Afleweringsvoertuig X43
Datum aangekoop: 1 Maart 2016
Datum verkoop: 31 Oktober 2018 **Verkoop vir:** R195 000 (kontant)
Waardeverminderingskoers: 25% p.j. (verminderdesaldo-metode)

	KOSPRYS	WAARDE-VERMINDERING	DRA-WAARDE
28 Februarie 2017	R400 000	R100 000	R300 000
28 Februarie 2018		75 000	225 000
31 Oktober 2018		**(i)**	**(ii)**

B. Lys van saldo's/totale op 28 Februarie 2019 (voordat al die aansuiwerings hieronder in berekening gebring is):

Gewone aandelekapitaal	R8 152 000
Behoue inkomste (1 Maart 2018)	865 300
Verbandlening: Prati Bank	1 758 000
Vaste bates (drawaarde)	10 190 000
Vaste deposito: Prati Bank (balanseersyfer)	**?**
Handelsvoorraad	1 102 000
Netto handelsdebiteure	1 090 000
Bank (gunstig)	**?**
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings)	155 000
Krediteurekontrole	1 906 800

C. Netto wins voor belasting, R822 700, is bereken **voordat** die volgende regstellings gemaak is:

- Voorsiening vir oninbare skulde moet met R65 000 verhoog word.
- R9 800 van 'n advertensiekontrak is op die volgende finansiële jaar van toepassing.
- 'n Huurder het huur van R334 000 vir die tydperk 1 Maart 2018 tot 31 Maart 2019 betaal. Huur is vanaf 1 Januarie 2019 met R3 000 per maand verhoog.
- Waardevermindering en wins/verlies op die voertuig verkoop moet geboekstaaf word.
- 'n Verdere R43 000 is vir inkomstebelasting verskuldig.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

D. Gewone aandele:

DATUM	BESONDERHEDE
1 Maart 2018	2 000 000 aandele uitgereik; totale boekwaarde R7 600 000
31 Mei 2018	360 000 aandele teen R4,10 elk teruggekoop
1 Oktober 2018	800 000 nuwe aandele uitgereik
28 Februarie 2019	2 440 000 aandele uitgereik

E. Dividende:

- Interim/Tussentydse dividende is in September 2018 betaal, R295 200.
- Finale dividende van 20c per aandeel is op 28 Februarie 2019 verklaar.

F. 'n Krediteur met 'n debietsaldo van R7 600 moet na die Debiteure-grootboek oorgedra word.

G. 'n Tjek vir R75 000, 30 April 2019 gedateer, is in Februarie aan 'n verskaffer uitgereik.

H. Nadat alle aansuiwerings verwerk is:

- Die bedryfsverhouding is 0,8 **:** 1.
- Die bedryfslaste is R2 900 000 in totaal.
- Die huidige deel van die lening is die balanseersyfer.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

4.3 OUDITVERSLAG VIR JAAREINDE 28 FEBRUARIE 2019

Die finansiële state van Visiv Bpk. (sien VRAAG 4.2.3) is geoudit. Jy word voorsien van uittreksels uit die ouditverslag.

Uittreksels uit die ouditverslag:

	Basis vir ouditverslag
Punt 1	Ons kon nie genoeg ouditbewyse bekom om die bedrae te staaf wat vir sekere inkomstes en uitgawes verskaf is nie ...
Punt 2	Verder is die terugkoop van aandele op 31 Mei 2018 nie volgens bepalings van die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973) nie, aangesien die likiditeit van die maatskappy in gedrang is …
	Mening
Punt 3	As gevolg van die belangrikheid van die sake hierbo beskryf, kan ons nie 'n mening uitspreek nie …

GEVRA:

4.3.1 **Verwys na Punt 3.**

Watter soort ouditverslag het die maatskappy ontvang? (1)

4.3.2 **Verwys na Punt 1.**

Gee TWEE voorbeelde van ouditbewyse wat die ouditeure met betrekking tot hierdie probleem sou benodig. (2)

4.3.3 **Verwys na Punt 2.**

- Buiten die bedryfsverhouding, identifiseer en bereken EEN ander finansiële aanwyser wat die ouditeure kon gebruik het om op hierdie mening te besluit. (4)
- Verduidelik wat die direkteure sou kon doen om hierdie mening deur die ouditeure te voorkom. Verskaf TWEE punte. (2)

70

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 5: KONTANTVLOEISTAAT EN VERTOLKING (75 punte; 45 minute)

5.1 Drie finansiële state word as opsies gegee waarin elk van die volgende items sal verskyn. Kies die finansiële staat en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 5.1.5 D.

A	Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat)
B	Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat)
C	Kontantvloeistaat

5.1.1 Wins met verkoop van 'n vaste bate

5.1.2 Bedrag verskuldig aan aandeelhouers vir finale dividende betaalbaar

5.1.3 Totale bedrag gespandeer op die terugkoop van aandele

5.1.4 Totale inkomstebelastingbedrag vir die huidige finansiële jaar (4 x 1) (4)

5.2 **SUNSET BPK.**

Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2019 geëindig.

GEVRA:

5.2.1 Bereken die volgende syfers vir die 2019-kontantvloeistaat:

- Inkomstebelasting betaal (4)
- Dividende betaal (4)
- Opbrengs uit aandele uitgereik (6)
- Vaste bates aangekoop (5)

5.2.2 Bereken finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019:

- % bedryfswins op verkope (4)
- Netto batewaarde per aandeel (4)
- Skuld-ekwiteit-verhouding (4)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

INLIGTING VIR SUNSET BPK.:

A. Inligting uit Inkomstestaat op 28 Februarie 2019:

Verkope	R8 725 000
Bruto wins	3 525 000
Waardevermindering	408 000
Bedryfswins	2 033 900
Rente-uitgawe	441 000
Inkomstebelasting	477 900
Netto wins na belasting	1 138 000

B. Inligting uit Balansstaat op 28 Februarie:

	2019	2018
Vaste bates (drawaarde)*	R11 835 100	R10 658 000
SAID: Inkomstebelasting	18 000 **Kt**	63 000 **Dt**
Aandeelhouersbelang	8 625 000	10 065 000
Gewone aandelekapitaal	7 724 000	9 300 000
Lening: Funza Bank	3 500 000	2 800 000
Aandeelhouers vir dividende	372 000	195 000

***LET WEL:** Vaste bates is teen drawaarde verkoop, R490 000.

C. Aandelekapitaal en dividende:

AANDELEKAPITAAL		GETAL AANDELE	BESONDERHEDE VAN AANDELE
2018	1 Maart	1 500 000	Uitgereik teen R6,20 per aandeel
	30 April	300 000	Teruggekoop teen R6,90 per aandeel
2019	1 Januarie	40 000	Nuwe aandele uitgereik
	28 Februarie	1 240 000	Uitgereik

DIVIDENDE			DIVIDENDE PER AANDEEL
Finaal	2 Maart 2018	Betaal	13 sent
Interim	31 Augustus 2018	Betaal	35 sent
Finaal	28 Februarie 2019	Verklaar	30 sent

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

5.3 **HORIZON BPK. en OPTIMA BPK.**

Verwys na Inligting D tot F.

Mike Mbele besit aandele en is 'n direkteur in beide hierdie maatskappye.

Hy het onlangs 'n verdere R420 000 in elke maatskappy belê deur aandele soos volg teen markwaarde op die JSE te koop:

HORIZON BPK.	OPTIMA BPK.
R8,40	R4,00

GEVRA:

LET WEL: Verskaf in ELKE geval hieronder syfers, finansiële aanwysers of berekeninge om jou kommentaar en verduidelikings te ondersteun.

5.3.1 **Aankoop van aandele:**

- Verduidelik hoekom direkteure in die prys van hulle maatskappye se aandele op die JSE moet belangstel. (2)
- Bereken die aantal bykomende aandele in Horizon Bpk. wat Mike in 2019 op die JSE kon koop. (3)
- Lewer kommentaar op die prys wat Mike vir hierdie aandele betaal het en gee TWEE redes waarom hy moontlik tevrede was om hierdie prys te betaal. (6)

5.3.2 **Dividende en verdienste:**

- Verduidelik jou mening oor watter maatskappy die beste dividenduitbetalingsbeleid het. (6)
- Vergelyk en lewer kommentaar op die % opbrengs op eienaarsbelang wat deur ELKE maatskappy verdien is. (4)
- Mike voel dat die verdienste per aandeel (VPA) van Optima Bpk. aansienlik beter as dié van Horizon Bpk. is. Verduidelik waarom hy so voel. (5)

5.3.3 **Verwys na die Kontantvloeistate.**

Die swak ekonomie het 'n groter negatiewe uitwerking op Horizon Bpk. as op Optima Bpk. gehad.

- Verduidelik TWEE besluite wat deur die direkteure van **Horizon Bpk**. geneem is in reaksie op die stand van die ekonomie en hoe hierdie besluite die maatskappy in die toekoms sal beïnvloed. (6)
- Verduidelik TWEE besluite wat deur die direkteure van **Optima Bpk**. geneem is wat risiko en hefboomfinansiering beïnvloed. Haal TWEE finansiële aanwysers aan en lewer kommentaar. (8)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

D. Aandeelhouding van Mike Mbele in twee maatskappye:

	HORIZON BPK.	OPTIMA BPK.
Getal aandele in 2017 gekoop	580 000 aandele	1 430 000 aandele
Totale aandele deur elke maatskappy uitgereik	1 240 000 aandele	2 600 000 aandele
Addisionele aandele deur Mike gekoop	**?**	105 000 aandele
Mike se % aandeelhouding voor aankoop van addisionele aandele	46,8%	55,0%

E. Finansiële aanwysers en bykomende inligting op 28 Februarie 2019:

	HORIZON BPK.	OPTIMA BPK.
Verdienste per aandeel (VPA)	97 sent	83 sent
Dividende per aandeel (DPA)	65 sent	80 sent
Skuld-ekwiteit-verhouding	0,1 **:** 1	0,7 **:** 1
% opbrengs op gemiddelde belang	6,2%	18,2%
% opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend	9,4%	15,1%
Netto batewaarde (NBW)	750 sent	445 sent
Bykomende inligting:		
Rentekoers op lenings	12,0%	12,0%
Rente op beleggings	6,5%	6,5%

F. Uittreksel uit Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019:

	HORIZON BPK.	OPTIMA BPK.
Kontantvloei uit **beleggings**-aktiwiteite	R2 700 000	(R2 730 000)
Aankoop van vaste bates	0	(1 580 000)
Verkoop van vaste bates	1 800 000	0
Verandering in belegging	900 000	(1 150 000)
Kontantvloei uit **finansierings**-aktiwiteite	(2 670 000)	4 000 000
Opbrengs van nuwe aandele uitgereik	0	200 000
Aandele teruggekoop	(1 070 000)	0
Kontantgevolge van langtermynlening	(1 600 000)	3 800 000

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 6: BEGROTING **(40 punte; 25 minute)**

Die finansiële jaareinde van Carpets Galore (Edms.) Bpk. is 31 Oktober 2019. Thembi Tsomi is die alleenaandeelhouer en direkteur.

6.1 Dui bedrae in die toepaslike blokkies aan vir die Kontantbegroting en Geprojekteerde Inkomstestaat vir drie maande geëindig 31 Januarie 2020.

- 'n Drukker wat R40 800 kos, sal op 30 November 2019 kontant aangekoop word. Waardevermindering sal R680 per maand wees.
- R48 000 sal op 1 Januarie 2020 vir 'n 12 maande-versekeringskontrak betaal word.
- 'n Lening van R100 000 sal op 31 Desember 2019 vanaf Viva Bank ontvang word. Dit sal in gelyke paaiemente oor 20 maande betaal word, met aanvang 31 Januarie 2020. Rente teen 12% p.j. word maandeliks betaal en word nie gekapitaliseer nie. (11)

6.2 **Verwys na Inligting A: Debiteure-invorderingskedule.**

Thembi is besig om vooruitskattings voor te berei vir die tydperk wat op 1 November 2019 begin. Thembi staan nie korting vir vroeë betaling toe nie.

Bereken die % debiteure:

- Wat hulle rekeninge vereffen in die 2de maand wat op die transaksiemaand van kredietverkope volg (3)
- Wat aan die einde van die 3de maand wat op die transaksiemaand van kredietverkope volg, as oninbaar afgeskryf word (4)

6.3 **Verwys na Inligting B: Geprojekteerde Inkomstestaat vir September en Oktober.**

6.3.1 Kantoorwerkers is ongelukkig oor die verhoging wat Thembi hulle op 1 Oktober 2019 gegee het. Verduidelik wat sy aan hulle moet sê. Verskaf TWEE punte. Haal syfers of 'n berekening aan. (6)

6.3.2 Thembi betaal haar seun, Jacob, om matte by klante af te lewer en te installeer. Sy begroot R2,80 per meter hiervoor. Lewer kommentaar op die beheer van hierdie uitgawe. Haal syfers of 'n berekening aan. (4)

6.3.3 'n Nuwe mededinger het op 1 September 2019 in die omgewing begin handel dryf.

- Verskaf syfers om die impak op verkope in September te illustreer. (2)
- Verduidelik DRIE besluite wat Thembi in Oktober geneem het in reaksie op die nuwe mededinger. Haal syfers of 'n berekening aan. (6)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

6.3.4 Voorraad wat verkoop word, word in dieselfde maand vervang. 50% van die voorraad word op krediet gekoop. Krediteure word in die maand wat volg op die aankopemaand betaal om 'n 5%-korting te ontvang.

Bereken die **werklike** bedrag betaalbaar aan krediteure in November 2019. (4)

INLIGTING:

A. Debiteure-invorderingskedule vir die tydperk geëindig 31 Januarie 2020:

	KREDIET-VERKOPE	INVORDERINGS		
		NOV. 2019	DES. 2019	JAN. 2020
Augustus	R80 000	R17 600		
September	90 000	67 500	R19 800	
Oktober	100 000		75 000	R22 000
November	120 000			90 000
			R94 800	**R112 000**

B. Inligting uit die Geprojekteerde Inkomstestaat geïdentifiseer:

	SEPTEMBER 2019		OKTOBER 2019	
	Geprojekteer	Werklik	Geprojekteer	Werklik
Meter verkoop	**5 000 m**	**3 800 m**	**5 000 m**	**6 000 m**
Verkoopprys per meter	R100	R100	R100	R88
Kosprys per meter	R60	R60	R60	R60
Verkope: kontant	R400 000	R310 000	R400 000	R132 000
: krediet	90 000	70 000	100 000	396 000
Totale verkope	490 000	380 000	500 000	528 000
Koste van verkope	(300 000)	(228 000)	(300 000)	(360 000)
Bruto wins	190 000	152 000	200 000	168 000
Direkteursfooie	50 000	50 000	50 000	40 000
Lone: Kantoorwerkers	9 200	9 200	9 200	11 040
Salaris: Verkoops-persoon	20 000	20 000	20 000	0
Kommissie: Verkoops-persoon	0	0	0	52 800
Advertensies	5 000	5 000	5 000	5 000
Verpakkingsmateriaal	2 500	1 900	2 500	2 550
Aflewering en installasie van matte	14 000	14 000	14 000	16 800
Personeelopleiding	15 000	0	15 000	40 000

40

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou